Die pragtige geel blomme van die heuningbos.

Heuningbos-naam ook gou deur wet beskerm

Nellie Brand-Jonker

Kaapstad. – Die naam heuningbos sal binnekort nie op 'n produk mag verskyn wat nie van die inheemse Cyclopia-struik afkomstig is nie.

Die departement van handel en nywerheid het pas in die *Staatskoerant* gesê die name Honeybush, heuningbos, Honeybush Tea en heuningbostee gaan onder die Wet op Handelswaremerke van 1941 beskerm word. Daar is 30 dae vir kommentaar gegee.

Die Suid-Afrikaanse Heuningbos-teevereniging (Sahta) het vir die beskerming gevra en dit gaan gepaard met sekere reëls van hoe dit gebruik mag word.

Marlise Joubert van die Landbounavorsingsraad (LNR) en van SAHTA, het gesê al is die heuningbosbedryf baie kleiner as die rooibosbedryf het hulle geleer uit die probleme wat rooibos met die beskerming van dié naam het. Rooibos het middel Julie die departement om soortgelyke beskerming onder dié wet gevra.

Dit is in die *Staatskoerant* afgekondig dat beskerming vir ses name, insluitende rooitee, gevra word vir produkte wat van die plant *Aspalathus linearis* afkomstig is. Dit gaan met reëls gepaard.

Dit kom nadat 'n maatskappy in Frankryk die naam rooibos as 'n handelsmerk wou registreer.

Cobus Jooste, 'n lektor in handelsreg van die Universiteit Stellenbosch se regsfakulteit, het in 'n webjoernaal voor dié gebeure gesê die departement het hom uiteindelik tot die Intellektuele Goederewet gewend.

Hy sê dit is ná "buitengewone en ongesiene" aksie deur lede van die akademiese gemeenskap om die departement aan te spoor om die beskerming wat dié spesifieke wet bied, te gebruik om rooibos te beskerm. Volgens hom maak die wet in artikel 15 voorsiening vir die beskerming van 'n merk of woord deur 'n deklarasie van die minister van handel en nywerheid wat dan, sodra dit afgekondig is, die woord as 'n geografiese teken elders in die wêreld beskerm.

Hy skryf dat die departement "salig onbewus" was van die beskerming wat dié wet bied.

Sodra die finale kennisgewing gepubliseer word, sal die gebruik van die woorde onderhewig wees aan die reëls wat saam met die kennisgewing gepubliseer word. Die reëls dui aan hoe rooibos- of heuningbos-produkte geïdentifiseer of geëtiketteer moet word. Dit onderskei tussen suiwer produkte en gemengde tee of aftreksels. Dit kan help om dié name in Europa beter te beskerm, volgens Jooste.

Joubert sê hoewel dit grootliks rooibos is wat in die spervuur is oor sy handelsmerk, is daar "kort-kort" gevalle waar heuningbos as 'n naam deur iemand toegeëien wil word. Die plan is om die naam ook oorsee te beskerm.

Heuningbos-uitvoer het sedert 1999 van sowat 50 ton per jaar tot tussen 150 tot 200 ton per jaar gegroei. Rooibos en heuningbos is albei fynbos. Rooibos groei in die Sederberge naby Clanwilliam. Heuningbos groei wild in berggebiede in die Wes- en Oos-Kaap, met sekere spesies in sanderige kusgebiede.